Historia 53,1, Mei/May 2008, pp 226-233

Herinneringe: Diegene wat my besiel en beïnvloed het

—

Reminiscences: Those who inspired and influenced me

Invloede op my loopbaan

Japie Brits[1]

In Koos Kombuis se jongste boek, *Die dieper dors* (2006), verskyn daar 'n kort essay getitel "By die graf van my guru". Koos se guru was M. Scott Peck, skrywer van verskeie "selfhelp-werke". Peck, wat onlangs oorlede is, se bekendste werk, *The road less travelled,* het miljoene mense se lewens verander.

Die gevierde aktrise Anna Neethling-Pohl het ook geglo in 'n guru. Een aand na ete by Cobus Ferreira se huis het Anna, Cobus en ek 'n diep gesprek oor dié onderwerp gehad. Vir haar was dit noodsaaklik dat die guru sy student intellektueel vorm en slyp op die pad na rypwording. Ek en Cobus het hiervan verskil (miskien omdat ons self rondgeswerf het en by verskillende akademiese inrigtings grade behaal het). Ons het gemeen diversiteit is beter as om een leermeester of mentor aan te hang – 'n mens moes blootgestel word aan verskillende "leermeesters" sodat jy onafhanklik 'n mening oor 'n onderwerp kan vorm.

Op skool het ek meer van letterkunde as Geskiedenis gehou, omdat laasgenoemde so baie "leerwerk" gehad het. Ook geen mentor gehad nie. Aan die Universiteit van die Vrystaat het ek skoolvakke geneem met die oog op 'n onderwysloopbaan, en Geskiedenis en Duits as hoofvakke. Ek het nogal hard gewerk, maar sonder oorgawe. Toe my derde jaar begin, het 'n sowat veertigjarige bonkige, korterige man met wakker bruin-swart oë voor die kateder stelling ingeneem en derdejaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis soos 'n boeiende stuk mensedrama voor ons laat afspeel. Hy was Arrie van Rensburg (later professor A.P.J. van Rensburg). Almal het destyds sy klasse geniet. Arrie het my definitief geïnspireer, nie net om Geskiedenis te laat leef voor 'n klas jongelinge nie, maar ook om met nagraadse studie in die vak voort te gaan. Dat hy, veral later in sy loopbaan, soms vryelik spekgeskiet het, het voorgraadse studente nie juis gepla nie.

---

1. Japie Brits was vir 27 jaar verbonde aan die Universiteit van Suid-Afrika se Geskiedenisdepartement.

Terwyl ek onderwys op Parys gegee het, het ek deeltyds Geskiedenis Honneurs aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO (PU) gestudeer. Ongelukkig was professor D.W. Krüger reeds weg daar, maar ek was gelukkig om by 'n dosent te beland wat my belangstelling in die Russiese rewolusie, die historiografie, sowel as die teoretiese en metodologiese aspekte van die vak geprikkel het. Hy was professor J.S. (Faan) du Plessis. Deeltydse studente, soos ek, moes een Saterdagoggend per maand seminaarklasse bywoon. In 'n ontspanne atmosfeer het Du Plessis na ons werkopdragte geluister, en dan sy weloorwoë, gebalanseerde kommentaar gelewer. Op nagraadse vlak het hy 'n vormende invloed op heelwat historici-in-wording gehad. Hy het boonop 'n fyn sin vir humor gehad en die informele geselsies in die kafeteria tydens "pouses" sal my altyd bybly.

Na voltooiing van my magistergraad by PU, was ek vasberade om 'n historikus te word. Ek is in 'n navorsingspos by die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) aangestel. Ek was baie gelukkig om spoedig redaksielid van die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek (SABW)* te word. Dit was gelukkige jare en die werk was interessant, te meer nog omdat ek saam met doktor Maria Hugo gewerk het. Sy het onder Jan Romein gestudeer, en was 'n skrander en deeglike vrou wat met gesag oor 'n groot aantal onderwerpe (selfs rugby) kon gesels. Haar wye kennis en skerp oordeel sal my altyd bybly. Ons het baie gesprekke gehad en sy het my onbeskaamd aangemoedig om vir 'n universiteitspos uit te kyk.

Terselfdertyd het ek by Unisa ingeskryf vir doktorale studie, en het in 1978 onder leiding van professor C.J. Barnard gepromoveer. Sy kritiese oog, veral ten opsigte van formulering, tesame met die ondervinding van die redigering van SABW-artikels het my goed te pas gekom toe ek later self magister- en doktorale studente gelei het. 'n Nuwe fase van my loopbaan het begin toe ek 'n aanstelling by Unisa gekry het. Oor jare heen het ek met verskeie knap historici daar gewerk, sommige Rankiaans, soos wat ek self was, grootliks vanweë my agtergrond en opleiding. By ander het die invloed van die radikale geskiedskrywers van die 1970's ingang gevind, sodat Unisa se Geskiedenisdepartement nie uit 'n homogene, enersdenkende groep historici bestaan het nie.

Ek het begin belangstel in ander benaderings tot moderne geskiedenis, en het begin om teoretiese modelle te ondersoek. Aspekte soos magsbasisse vir politieke groeperinge, geografiese en demografiese invloede en die toepassing van kwantitatiewe metodes het my geïnteresseer. Die aanvulling van ander sosiale wetenskappe by

geskiedenisprojekte sou opwindende magister en doktorale navorsingsprojekte oplewer, maar ongelukkig sou so iets nooit posvat by Unisa nie omdat daar glad nie 'n interdissiplinêre kultuur bestaan het nie. Vir my het niemand 'n groter bydrae gelewer om die veelkantigheid van politieke geskiedenis te ondersoek en te verklaar as professor Hermann Giliomee nie. Ek beskou dit as 'n gemis in my opleiding as historikus dat ek nie 'n nagraadse student van hom was nie.

Natuurlik het baie geskiedwerke en hulle outeurs bygedra tot my vorming. Daar is te veel om op te noem, hoewel ek sir Keith Hancock altyd onder my gunstelinge sal tel. Baie gedagtewisseling met geesdriftige kollegas het my loopbaan verryk. As ek enkeles mag uitsonder, sou ek die name van Hugo Schreuder, Cobus Ferreira, Johan Bergh, Riëtte Lubbe, Frik Nöthling, Greg Cuthbertson en Alex Mouton hier noem.

Om terug te kom na die guru-kwessie. Op die keper beskou, is ek vandag nie spyt dat ek nie 'n groot profeet gehad aan wie se voete ek gesit het nie. As ek weer dieselfde pad moes loop, sou my ervaringe en keuses waarskynlik dieselfde gebly het. En ek sou steeds 'n half-bekeerde Rankiaan gebly het.